# REDAKSIONEEL

## GELUKWENSINGS

By die jongste gradeplegtigheid van die PU vir CHO is die teologiese arbeid van verskillende broeders bekroon. Namens ons blad en sy lesers word hierdie broeders van harte geluk gewens met die bede dat die vrugte van hulle studie die Gereformeerde teologie en kerk-wees ryk en heerlik sal beïnvloed.

## DOKTORSGRADE:

Dr. I. L. Bekker: *Hebreeuse poësie, Job en Bybelvertaling. 'n Verkenning in die vertaling van stylfigure, besonderlik toegespits op die Elihu-redes (Job 32-37).*

Dr. B. J. de Klerk: *Die gesag van die prediking van die Nuwe Testamentiese Briewe.*

Dr. P. P. Kruger: *Die herontdekking van die Charismata as bydrae tot Roomse Kerkvernuwing volgens Hans Küng: 'n Gereformeerd-Apologetiese studie.*

## MAGISTERGRADE

Ds. T. Eloff: *Die subordineringsopdrag aan die owerhede. 'n Eksegeties-dogmatiese studie.*
Ds. C. S. Grobler: *Kategismusprediking — is dit Skrifprediking?*
Ds. C. J. Smit: *Wat is kerklike orde? 'n Gereformeerde-kerkregtelike studie.*
Ds. Y. J. Son: *Christ's relationship to cosmic powers and its missiological significance.*
Ds. J. L. Venter: *Jesus se wonders in Markus 8 binne die geheelstruktuur van die hoofstuk.*

In hierdie uitgawe verskyn ook 'n voordrag van dr. H. F. van Rooy wat onlangs aan die Teologiese Skool beroep en bevestig is as professor in Ou Testament met die oog op dosering van Hebreeus aan die PU vir CHO. Die seën van die Here word hom in hierdie diens toegebid.

## NEOTESTAMENTICA

Graag voldoen ons aan die versoek van dr. W. S. Vorster om die jaarlikse publikasie van die Nuwe-Testamentiese werkgemeenskap van Suid-Afrika (NTWSA) bekend te stel.
NEOTESTAMENTICA bevat die referate wat jaarliks tydens die Algemene Vergadering van die NTWSA gelewer word. Met uitsondering van nommers 2 en 3 is al die vorige uitgawes (1-15) verkrygbaar van:

Dr. Pieter de Villiers,
Departement Bybelkunde,
Universiteit van Stellenbosch.

'n Oorsig van die inhoud van die publikasie sedert 1967 word agter by ons Tydskrifskou gegee.